

## INHOUDSOPGAWE

Beterskap deur genade	1
Ons het mekaar nodig	8
Rond'shop'	9
Ons goeie werke in God se toekoms	11

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## BETERSKAP DEUR GENADE

*K de Vries & J van Benthem*

Hierdie keer wil ons iets vertel oor twee vroue. Hulle is denkbeeldig, maar ons is seker daar bestaan sulke mense. Ons wil volgens twee voorbeelde probeer verduidelik wat beteken: "Leef uit genade."


Ons verduideliking sal nie volledig wees nie - daarvoor is God se genade te allesomvattend en God se kinders te verskillend. Ons vertel die storie aan die hand van die volgende vier afdelings:

- Ons skets 'n agtergrond van die twee vroue
- Ons vertel iets oor twee Bybelse persone
- Ons gaan dieper in op wat genade is en wat genade vir jou lewenstyl beteken
- Ons vertel wat gebeur met die twee vroue wanneer hulle uit genade begin lewe

### Mevrou Allesdoen

Ek wil vir julle vertel van mevrou Allesdoen. Mevrou Allesdoen is 'n vrou van so om en by die veertig jaar en ma van vier kinders. Sy is 'n meelewende lid van die Kerk, verskriklik meelewend.

Soggens doen mevrou Allesdoen sommer vinnig haar huishouding. In die middag is sy aktief in die gemeente - 'n besoek aflê hier en bietjie help daar - totdat die kinders na skool huis toe kom. En saans sien 'n



mens haar (indien sy nie by die vroue Bybelstudiegroep is nie), saam met een van die kinders deur die buurt stap om te kollekteer vir Bybelverspreiding, of sy samel geld in ten bate van die boufonds vir die nuwe kerkgebou.

Amper almal het respek vir mevrou Allesdoen. Almal bewonder haar vir haar ywer. Sy is ook nooit 'n las vir enige iemand anders nie.

Laasjaar was mevrou Allesdoen baie siek. Sy was vir 'n paar weke bedlêend. Sy wou egter niemand se hulp aanvaar nie. Haar man sou af en toe 'n middag verlof neem by die werk om inkopies te doen en sy sou die kinders sommer so vanuit haar siekbed instruksies gee wat hulle moes doen. So kon sy heeltemal self regkom en sy het nie nodig gehad om enige iemand tot las te wees nie.

Mevrou Allesdoen doen alles wat sy moet doen, na die beste van haar vermoë. Sy mis nooit 'n Bybelstudie nie en is ook altyd goed voorberei vir die vergadering. Haar kinders lyk, ondanks ma se besige program, altyd goed versorg. Op daardie punt sal jy haar nooit uitvang nie.

Eintlik dink sy self dat sy te min doen. Sy reken sy beteken te min vir haar bure. Sy voel skuldig daarvoor dat sy nie kans gesien het vir die Liturgiese kommissie nie en nee moes sê. En eintlik voel sy dat dít wat sy doen, nie goed genoeg is nie. Vir die Here doen 'n mens mos nooit genoeg nie? Nee, niemand kan dit ontken nie. Hierin kan 'n mens tog seker net met haar saamstem.

**Ons het ook hierdie ingeroeste neiging. Ons wil – al is dit op 'n vroom manier – nog steeds met iets by God opdaag om onself aanvaarbaar vir Hom te maak**

Mevrou Allesdoen lyk soms 'n bietjie opgejaag en afwesig. As 'n mens vir haar vra of sy iets makeer, ontken sy dit ten sterkste. Dan raak sy eintlik 'n bietjie opgewerk, want sy weet dat sy 'n blymoedige Christen moet wees. En as daar iemand is wat dít probeer wees, dan is dit definitief sy! Trouens, sy vererg haar vir ander vrouens wat min doen en 'n onverskillige houding inneem. Sy sien – eerlik gesê - eintlik 'n bietjie neer op hulle.

'n Rukkie gelede het die wyksouderling vir haar 'n snaakse vraag gevra, reken mev. Allesdoen. Hy het vir haar gevra: “As u aan die Here dink, dink u dan aan iemand met 'n streng gesig, of dink u aan iemand met 'n vriendelike gesig? Kyk Hy afkeurend of liefdevol na u?” Sy het gedink dat dit 'n vreemde vraag is, eintlik snaaks. Toe sy bietjie daarvoor nagedink het, het sy geantwoord: “Natuurlik kyk die Here vriendelik na 'n mens, as jy ten minste doen wat Hy van jou verlang. Jy moet net jou beste lewer. Solank as wat jy dit

wat jy vandag verkeerd gedoen het, môre beter probeer doen.”

Weet u wat het die ouderling haar toe, tot haar stomme verbasing, geantwoord? Hy het haar aangeraai om bietjie na te dink wat “leef uit genade” beteken. Dit het haar onseker laat voel. Wat het hy nou eintlik van haar gedink?

### **Mevrou Nutteloos**

Die tweede vrou in ons storie is mevrou Nutteloos, ma van twee kinders. “Maar net twee”, soos sy dit self sê. Sy is 'n oulike persoon met 'n sagte karakter. Sy is oortuig daarvan dat sy baie dinge eintlik nie kan doen nie. Sy sou graag meer aktief wou wees, ook in die gemeente, maar ai, daar is mos altyd mense wat dit beter kan doen as syself. Haar bydrae is volgens haar nie baie werd nie. Ander mense weet baie meer as sy, praat beter as sy en kan baie meer werk gedoen kry as sy. Kortliks: ander mense presteer beter as sy en weet ook baie beter as sy hoe om hulself te 'bemark'.

Mevrou Nutteloos kyk in die geheim met bewondering na ander vrouens soos mevrou Allesdoen. Haar bewondering is egter ook vermeng met jaloesie en bitterheid. Juis omdat mevrou Allesdoen alles so goed doen, voel mevrou Nutteloos dat sy heeltemal in mevrou Allesdoen se skaduwee staan. Niemand sien haar raak nie. Dit maak haar moedeloos en ook 'n bietjie onverskillig. Sy onttrek haar al hoe meer uit die gemeentelewe. Sy is gereeld afwesig by die vroue-Bybelstudie. En toe die susters haar die vorige keer gevra het om te help, het sy nogal kortaf gereageer en gesê: “Nee, vra maar vir iemand anders. Daar is baie mense wat dit beter as ek kan doen.”

Maar dit was nie heeltemal eerlik nie. Diep in haar hart het sy besef dat sy eintlik graag sou wou help en dat sy definitief ook kán help. Eerlik gesê: Eintlik was daar 'n boosaardigheid daarin dat sy “nee” geantwoord het. So iets soos: “Ek kan dit tog nie so goed soos julle doen nie. Nou ja, dan is ek glad nie lus om julle te help nie.”

**Die Christen moet in hierdie wêreld leef, maar hy moet al sy bronne van buite hierdie wêreld ontvang.**

Sy ervaar dit meer gereeld: 'n diepgewortelde gevoel van ontevredenheid met haarself. Baie keer probeer sy om haar onvergenoegdheid te verdring deur winkel toe te gaan en haarself te bederf met iets wat sy nie eintlik nodig het nie. As sy dan eers weer by die huis gekom het, was sy dadelik spyt daarvoor dat sy dit gedoen het ... en die gevoel van onvergenoegdheid het gebly.

Dit het meer gereeld begin gebeur. Dit het ontwikkel tot 'n patroon. Op die ou einde het haar onvergenoegdheid gegroei en oorgegaan in onverskilligheid en oppervlakkigheid. Haar gebedslewe het gekwyn. Sy het ook nie meer moeite daarvoor gedoen nie. Eintlik was sy bang! Bang om voor die oë van die Here te verskyn. Want sy het God se afkeuring aangevoel, omdat sy so 'n waardelose lewe lei. Sy het wel van God se genade en sy liefde gehoor, maar - het sy gedink - dis seker bedoel vir ernstige Christene, wat daarvolgens lewe. Mense soos mevrou Allesdoen. Ekself is te onverskillig, ek kan tog niks regkry nie.

## Genade

Wat beteken genade dan nou eintlik? Kom ons gee eers 'n definisie:

*Genade dui aan die groot, onverdiende welwillendheid van 'n hoër gestelde persoon teenoor 'n laer gestelde persoon.*

Aan die hand van hierdie definisie wil ek graag kortliks die aandag vra vir twee belangrike punte:

### 1. Genade is allereers die welwillendheid wat van iemand kom wat bo jou staan.

Neem nou 'n voorbeeld uit die Bybel: Wanneer Ester ongenooïd na die koning toe gaan, weet sy dat dit haar lewe kan kos. Maar dan staan daar in Ester 5:2: "En net toe die koning koningin Ester in die voorhof sien staan, het sy *genade* in sy oë gevind...". 'n Mens kan sien hoe die groot en magtige koning Ahasvéros sy oë sag en vriendelik op Ester laat rus. En hier gaan dit maar net oor verhoudings tussen mense. Die

genade waarvan ons praat is die toegeneentheid van die hoë heilige God.

Ek dink dit is 'n baie belangrike ding om te besef: Jy staan voor die majesteit van God. Hy is nie soos 'n vriend op gelyke vlak nie. Hy is nie 'n vennoot, vir wie jy 'n kloppie op die skouer kan gee nie. Hy is God! Hy troon bo alles uit, in grootheid, in heerlijkheid, in majesteit en in heiligheid.

**Hoe kan ek my lewe met die Here, wat so goed en genadig is vir my, so mooi as moontlik maak?**

Jy is altyd klein teenoor die Here. Almal is klein teenoor die Here. Ook mense wat baie presteer. Dit bring my by die volgende kenmerk van genade.

### 2. Genade is altyd onverdiend.

In al die ander godsdienste is daar die grondpatroon van prestasie en teenprestasie: ek bring my offers aan u en ek kom my godsdienstige pligte na, sodat u van u kant af my prestasies kan beantwoord met u liefde.

Ons het ook hierdie ingeroeste neiging. Ons wil – al is dit op 'n vroom manier – nog steeds met iets by God opdaag om onself aanvaarbaar vir Hom te maak. Hoe baie hoor ons nie: die Here het ons lief, as ons maar net opreg tot Hom bid, as ons maar net opreg glo, as ons maar net eerlik ons skuld bely. Met hierdie opregte gebed, met ons ernstige geloof, met ons eerlike skuldbelydenis moet ons onself aanvaarbaar máák. Dit is verskriklik moeilik om met leë hande by die Here op te daag.

Niemand *waag* dit eintlik om met niks op te daag nie. Maar genade staan in skrilte kontras met elke vorm van verdienste. Sodra 'n mens iets kan verdien, is genade tog nie meer genade nie?

**Die kerk kan baie dinge doen nadat sy haar bekeer het, maar sy kan niks doen voordat sy haar nie bekeer het nie.**

- V Havner



### 3. Ons kan dit nou ook positief stel.

Genade beteken: ons kan regtig *met niks by die Here opdaag* om Hom aan ons kant te probeer kry nie, om Hom gunstig vir ons te stem nie. Dat Hy liefdevol en vriendelik na ons sal kyk, hang nie af van wat ons aan Hom kan bied nie. Jy hoef jouself nie éérs aanvaarbaar te maak in sy oë nie. Jy is alreeds vir Hom die moeite werd, sonder dat jy iets doen.

Selfs met al jou gebreke en foute, kan jy sonder angs na Hom toe gaan. Want as jy God se genade nie kan verkry met prestasies nie, kan jy sy genade ook nie verspeel met jou tekortkomings nie. Jou tekortkomings is nie vir Hom 'n rede om jou af te wys nie.

Inteendeel: God se genade gee rus. Hy kyk vriendelik en sag na jou en sê: "Moenie so onrustig en senuweeagtig wees nie. Ek het jou al lankal aanvaar. Kom nou vir 'n slag tot rus."

### Genade en lewenstyl

Maar hoe is dit moontlik? Hoe kan ek met al my tekortkomings, my onverskilligheid, my boosaardigheid sommer net so aanvaar word? Mag ek sommer net rustig wees? Maar daar is tog die norm, die eis van die verbond? Daar is

tog 'n roeping tot lewensheiliging? Hoe kan 'n mens rustig wees onder so 'n roeping? Is dit nie 'n valse gerustheid nie?

Dit is benouende vrae. Die antwoord is egter baie beslis: wees rustig. Hoekom? Danksy Christus! Want Hy het reeds alle geregtigheid en heiligheid wat deur die wet vereis word, vervul. Daarin sien jy nou God se genade. Jesus sê in Matteus 5: "Ek het gekom om die wet te vervul."

Wat beteken dit "om die wet te vervul"? Ek sal dit met 'n voorbeeld verduidelik. Gestel daar is 'n leë glas – absoluut niks daarin nie. Dis 'n afbeelding van die wet, voordat Christus aarde toe gekom het. Vir eeue lank het die glas leeg gebly, niemand kon die wet vervul nie. Maar dan kom Christus, en Hy skink die glas tot bo toe vol. So volmaak het Hy die wet vervul. Hy het alles gedoen wat die wet vereis het, selfs meer as wat streng gesproke vereis was. Hy het die wet gevul tot by die rand met liefde vir God en die naaste.

Hy het die wet van God heeltemal vervul, vol gemaak soos die glas. Geen enkele druppel pas nog daarby nie. Geen punt of komma kan nog bygevoeg word nie. Tot en met die laaste druppel het Hy die wet vervul. Geen jota of tittel van die wet het onvervuld gebly nie.

En dit in ons plek! Dit is nou God se genade as uitgangspunt vir ons lewe. Christus het die wet vervul. Dit gee enorme rus. Want op grond van die vervulde wet, kyk God vriendelik na ons, en nie op grond van wat ons sou kon presteer nie.

En ons? Hoe lyk dit met die norm, die wet, die lewensheiliging? Geld God se geboorte nog? Natuurlik! Hoekom sou God se volmaakte wet, nadat Christus dit vervul het, skielik nie meer geld nie? Christus het in ons plek vir God en die naaste liefgehad, dit staan vas. Hoef ons dan nie meer vir God en ons naaste lief te hê nie? Almal kan aanvoel dat dit onsin is. Die feit dat Christus die wet vervul het, beteken nie dat ons vrygestel word van die wet nie.

Die hoofpunt is: ons mag die geboorte leer gehoorsaam vanuit 'n heeltemal ander perspektief, vanuit 'n heel ander standpunt as

**Die krag om 'n nuwe lewe te leef is afhanklik van ons daaglikse gemeenskap met die lewende Heer.**

- J Eadie



vroeër. Die motief is nie meer 'n angstige, krampagtige verpligting nie, asof ons die wet nog moet vervul nie. Asof óns nog God se toegeneentheid sou moet verdien nie. Die wet is deur Christus tot oorlopens toe vervul. Hy het alles tot volheid volbring.

Juis hierdie groot genade vir ons, dít vorm in die vervolg die motief om God se wil te doen. Met hierdie groot genade steek die Here die vlam van wederliefde en dankbaarheid in ons aan. Dan ontstaan die wil om van nou af te doen wat Hy graag wil sien.

En hierin moet jy dan nie maak of jy onkapabel is of maak of jy net die minimum kan gee nie. Jy moet nie kyk met hoe min jy kan wegkom nie. Jy neem nie genoeg met wat die wet letterlik voorskryf nie, maar jy soek ook na die dieper betekenis van die wet, na die gees van die wet. Paulus sê dat die liefde die vervulling van die wet is. 'n Mens kan nie dit minimalisties benader nie, deur te vra wat die minste is wat jy moet doen nie. Jy gaan eerder die teenoorgestelde doen – maksimaliseer - deur te vra: Hoe kan ek my lewe met die Here, wat so goed en genadig is vir my, so mooi as moontlik maak?

Nie minimaliseer nie, maar maksimaliseer. Dit is nou juis wat Jesus in Matteus 5 bedoel. Eers sê Hy: “Ek het gekom om die wet te vervul.” Daarna voeg Hy die volgende by: “As julle geregtigheid nie oorfloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.” Jesus verwag dus van ons oorfloedige geregtigheid. Nie die minimum of net 'n klein bietjie nie. Maar die maksimum: oorfloed.

Oorfloed. Hoeveel is dit? 'n Klein bietjie kan al oorfloed wees. Kyk maar net: as jy 'n paar druppeltjies in die vol glas gooi, loop dit oor. Kyk, dit is al oorfloed. Geregtigheid wat al oorfloei, oorloop. 'n Paar druppeltjies is al genoeg vir oorfloed. Éen druppel laat die vol glas oorloop. Éen goeie daad, 'n klein begin van nuwe gehoorsaamheid is dus al die oorfloedige geregtigheid waarna Jesus verlang. Dan word dit al hoe mooier. Want daarin sien die Here jou liefde en dankbaarheid.

Is hierdie – klein - oorfloed dan nou genoeg? Dit is al klaar oorfloedig. Maar waarom sou jy ophou? Hoekom sou jy 'n eindpunt aan jou liefde en dankbaarheid stel? Solank as wat God sy liefde aan ons bly skenk, kan ons dit bly uitgiet. Net soos wat ek nou 'n waterkraffie leeg skink in die vol glas.

Kyk, dit is nog meer oorfloed. Oorfloedige, oorfloeiende geregtigheid. Hierdie waterkraffie mag dalk nou leeg wees. Maar die stroom van God se liefde raak nooit uitgeput en droog nooit uit nie. Juis omdat ons bly put uit die onuitputlike bron, kan ons lewe bly oorstrom van liefde vir God en ons naaste, en kan ons ons verpligting teenoor Hom en teenoor mekaar nakom.

Om te leef uit genade, is om te weet dat die wet vervul is en dat elke daad van liefde en gehoorsaamheid vir God en die naaste 'n stukkie oorfloedigheid is. Oorfloedig, maar definitief nie oorbodig nie. Want die lewe saam met die Here word as gevolg hiervan, juis mooier. Hoe meer oorfloed, hoe mooier word dit.

## Gevolge

Mevrou Allesdoen en mevrou Nutteloos leef nou albei uit genade. Het dit ook gevolge vir hulle? Ja, verseker. Ons noem enkeles.

Ons voeg dadelik by: in elkeen se lewe lyk die gevolge anders. God se genade werk in elkeen van ons se lewens verskillend uit. Ons noem dit graag duidelik aan die begin van hierdie paragraaf. Want 'n mens kry die indruk dat jy vandag eers 'n Christen kan wees as jy sekere kenmerke toon. 'n Regte Christen ervaar dit of dat, voel dit of dat, en op so 'n manier word 'n nuwe soort beeld van 'n Christen aan ons opgedring wat eers sekere eienskappe moet toon, voordat hy mag glo dat God se genade ook vir hom bedoel is.

Standaard-Christene bestaan nie. Ons noem twee voorbeelde. Maar dit kan ook heeltemal anders wees, hoewel ons dink dat daar in die vervolg algemene en waardevolle elemente genoem word.

**As die kerk sterk en aktief was, soos sy veronderstel is om te wees, sal die wêreld haar baie sterker teenstaan.**

- RB Kuiper

Om van genade te leef, beteken vir beide mevrou Allesdoen en mevrou Nutteloos dat hulle albei:

- meer vry sal voel
- nederig sal wees
- en sal groei in liefde

***Om te leef uit genade is om in vryheid te leef.***

Mevrou Allesdoen het altyd probeer om haarself te bewys voor die Here. Baie van wat sy gedoen het, het voortgespruit uit haar angs dat sy dalk afgekeur sou word deur God en deur mense. Daarom het sy ook dadelik skuldig gevoel, wanneer sy 'nee' moes sê vir 'n bepaalde aktiwiteit.

**In alles wat sy gedoen het, was haar verborge dryfveer die angs dat sy andersins afgekeur sou word.**

Sy kan nou baie meer ontspanne hiermee omgaan. God se genade laat haar insien dat sy nie meer haar houvas hoef te soek in haar eie prestasies nie. Die beklemmende gevoel van 'ek moet meer doen', bestaan nie meer nie.

Soms maak dit haar ook bang, want sy moet baie dinge loslaat waarin sy haar sekerheid gesoek het: dingetjies waardeur sy gedink het dat sy 'n houvas het om deur God aangeneem te word. Maar mevrou Allesdoen leer tog om al hoe meer haar rus in Christus te soek.

*Lewe uit genade is lewe in vryheid.*

Mevrou Nutteloos mag nou weet dat sy as sondares deur die Here aanvaar is. Dit is 'n bevrydende besef. Sy hoef nie eers haarself te bewys deur baie ernstig te word en meer te begin doen nie, omtrent net soveel soos mevrou Allesdoen nie. Sy hoef haarself ook nie met ander te vergelyk of op te kyk na ander, sterker vrouens nie. Genade is dat mevrou Nutteloos

deur God aanvaar word net soos sy is. Genade verdryf haar gevoelens van minderwaardigheid. Selfs al is sy anders as mevrou Allesdoen, voel sy tog nie dat sy 'n mindere is nie.

***God se genade maak nederig.***

Toe mevrou Allesdoen eers werklik die grootheid van God se genade besef het, het sy eers besef hoe klein sy self eintlik is. Alhoewel sy dit nooit besef het nie, het sy vroeër tog heeltemal te veel van haarself verwag. Sy het tog onwillekeurig gedink dat sy haarself voor God aanvaarbaar kon maak. Anders sou sy agteraf ook nie neergesien het op mevrou Nutteloos en vies geword het vir mense soos sy wat so min doen nie.

Dit het nou ook verander. Sy ag haarself nie meer belangriker as mevrou Nutteloos nie, omdat sy haar eie beperkings nou regtig leer ken het.

Sy kan nou selfs makliker kritiek van ander verduur. Vroeër sou sy dadelik op haar perdjie gesprink het as iemand haar op 'n fout sou wys. Nou kan sy die kritiek rustig oorweeg. Sy weet immers nou baie goed dat sy ook foute maak. Maar sy word nie meer dadelik daardeur verwar nie.

Weet u waarom nie? Omdat die Here, ondanks haar skuld, haar nie wegwys nie. Hierdie wete help haar om met haar tekortkomings saam te leef.

*Leef uit genade is om te lewe in beskeidenheid en nederigheid.*

Mevrou Nutteloos sal vanself nederig word, omdat sy weet dat sy ondanks haar onverskilligheid en haar ontevredenheid, tog deur God se onverdiende genade aanvaar is. Dit gee haar innerlike rustigheid. Sy kan nou tevrede wees met haar status, selfs al is dit 'n beskeie plek.

Nederigheid beteken vir mevrou Nutteloos ook dat sy eerlik haar eie swak punte en beperkings sal raaksien, sonder om paniekerig daaroor te

**Die Christen moet veg om alleen met God te wees, en om tyd te maak om God te ken**

- DG Barnhouse

raak. Genade help haar om haar beperkings rustig te kan aanvaar.

Tegelykertyd gee God se genade aan mevrou Nutteloos die rus en die ruimte om enige tyd vrywillig geringe dienswerk te doen. Dalk in haar gesin, of gemeente of êrens anders. Sommer net 'n beskeie takie, in die besef dat sy nie soveel hoef te doen soos mevrou Allesdoen nie. Danksy die voldoening van Christus, behoort al haar goeie werke, al is dit gering, by die oorvloedige geregtigheid.

Miskien het sy nie vyf talente ontvang nie, maar dalk twee of één. Dit maak egter nie saak nie. Mevrou Nutteloos besef dat as sy getrou en dankbaar iets met haar talente doen, sal sy verseker hoor: "Mooi so, goeie en getroue slavin, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer!"

***God se genade leer om God en die naaste lief te hê.***

Voorheen het mevrou Allesdoen baie vir die Here en haar naaste gedoen. Maar haar eintlike dryfveer was angs. In alles wat sy gedoen het, was haar verborge dryfveer die angs dat sy andersins afgekeur sou word. Alles wat sy gedoen het, het sy gedoen om aanvaar te word en dat mense van haar moes hou. Eintlik het dit dus oor haar gegaan, ongeag hoe hard sy besig was vir God en mense.

Nou kan sy haarself soms 'n bietjie vergeet. Sy hoef haar nie meer so te bekommer of sy wel aanvaar word nie. Sy is nie meer die middelpunt van alles nie.

Sy weet sy is 'n begenadigde mens. God se Vader-oë koester haar. Daarom kan sy haar oë

op Hom rig en op haar naaste. Van nou af vra sy al hoe meer na die wil van die Here. So is sy opreg betrokke en kan sy haar werklik verdiep in die wel en wee van haar naaste, byvoorbeeld mevrou Nutteloos s'n. Sy het begrip gekry vir die mens agter die masker van onverskilligheid.

Albei vroue - mevrou Nutteloos en mevrou Allesdoen - het tot die slotsom gekom dat 'n lewe uit genade vir hulle al twee eintlik die spilpunt is waarom alles moet draai. Waarom alles mag draai.

*Leef uit genade is leef in liefde.*

Die genadige liefde van die Here laat die onverskilligheid van mevrou Nutteloos wegs melt. Terwyl sy vroeër magteloos en ingeperk gevoel het, en haar woede, bitterheid en bangheid agter 'n masker van onverskilligheid weggesteek het, word God se genade nou 'n bron van blydskap en liefde. Elke keer wanneer die blydskap in haar opwel, soek mevrou Nutteloos graag na nuwe moontlikhede om iets mooi te maak van haar lewe met God en haar naaste.

Vroeër het sy daarvan weggekram, bang dat sy dit nie reg sou doen nie. Nou help haar blydskap haar deur die angs heen en het sy die vrymoedigheid om af en toe iets goed te doen. Daardeur het sy 'n hartliker en 'n meer spontane mens geword, vol blydskap.

O ja, en ten slotte nog dit. Intussen het die dames hulle name laat verander.

Mevrou Allesdoen se naam is nou Mevrou Rustig.

Mevrou Nutteloos is nou Mevrou Waardevol.

**Die kerk moet nooit vir geld bedel asof dit die geheim van haar krag is nie.**

- A Murray

# ONS HET MEKAAR NODIG

AK Wallet



In 'n gesprek gee hulle te kenne dat hulle nie juis mense vir 'n Bybelstudiegroep is nie. Al wat jy daar hoor (sê hulle) is verskillende interpretasies van 'n Bybelgedeelte. Dit help jou in elk geval niks nie.

Op my vraag: "Met wie in die gemeente het julle 'n bietjie meer kontak?", was hulle antwoord: "eintlik met niemand meer nie". Hulle het ook nie 'n behoefte daaraan nie. "Het julle dan glad nie vriende nie?" Ja, ons het vriende deur ons werk en by die tennisklub ... en ja, ons het 'n lekker tyd saam met hulle.

Partykeer het hulle saam met ander mense op vakansie gegaan. "Lewe julle reisgenote dan ook met die Woord van God?" Nee, hulle doen nie, maar is dit dan 'n noodsaaklikheid? Mens hoef mos nie ander mense as minderwaardig te sien as hulle anders dink oor dinge as jy nie?

Dit het 'n hele gesprek tot gevolg gehad. Dit word duidelik dat hulle ook geleidelik anders oor baie dinge begin dink het. Hulle het al hoe gemakliker oor dinge begin dink. Daar het al hoe meer ruimte en vryheid gekom om te doen soos wat ons self voel. En die media het ook daarin sy bydrae gelewer.

Toe ek 'n sin by Luther lees: "*Die reinheid van ander weerstaan die aanval van my onreine*

*luste*", moes ek aan hierdie besoek dink. Ek interpreteer hierdie sin soos volg: as ek omgaan met Bybelgetroue Christene, wat ook in hulle lewenswandel Christus se volgelinge is, word ek deur hulle beïnvloed om ook in daardie weë te wandel. Omgang met Godvresende mense het 'n goeie invloed op jou Christelike lewensstyl. Dit help 'n mens om te voorkom dat jy op 'n wêreldse manier begin dink.

Ons is nie Bybelstudiegroepsmense nie, het hulle gesê, maar wie is dan jou vriende? Hoe word jou mening gevorm? Met wie kan jy identifiseer?

Ek dink aan 1 Korintiërs 12:26: "*En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly*". Iemand se geloof straal iets uit na diegene wat met hulle omgaan. Andersyds geld die waarskuwende teks uit 1 Korintiërs 15:33: "*Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes*". 'n Ander leer veroorsaak ook 'n ander lewe. As jy ander leerstellinge begin hanteer, sal daar anders oor etiese sake gedink word.

**Omgang met Godvresende mense het 'n goeie invloed op jou eie lewensstyl. Dit help 'n mens om te voorkom dat jy op 'n wêreldse manier begin dink.**

Dit is uiters noodsaaklik dat ons buiten die kerkdienste ook met getroue Christene uit die gemeente omgaan. Dis onmoontlik om met elkeen in 'n groot gemeente hegte kontakte te hê, maar dit is goed om enkele gemeentelêde as vriende te hê. Die spreekwoord sê: "*Sê my wie jou vriende is, en ek sal jou sê wie jy is.*"

Ek praat nou die dag met iemand wat so vyftig jaar gelede Christen geword het. Hy sê my toe

**Een van Satan se metodes vandag is om so baie organisasies in die kerk te begin, dat die lede nie meer tyd het vir gemeenskap met God nie.**

- GC Morgan



dat die oorgang na die kerk, wat algemene waardes betref, daardie tyd nie so groot was nie. Oor sake soos huwelik en gesin is daardie tyd, vir alle praktiese doeleindes, nog baie dieselfde gedink.

In ons tyd is dit egter baie anders. Daar is so baie aangeleenthede waaroor die Christene net só totaal anders dink as nie-Christene. Dink byvoorbeeld aan die siening van lewe (die begin en einde daarvan), dink aan Sondagsheiliging, die huwelik, opvoeding, geldbesteding en naasteliefde.

Dit beteken nie dat jy hoogmoedig na mense van buite die kerk mag kyk nie. Dit beteken ook nie dat ons geen kontakte met mense by die kerk behoort te hê nie. Maar hulle mag nie jou

lewenstyl bepaal nie. Die navolging van Christus vereis 'n lewe wat gelykvormig aan Christus word. 'n Mens ontwikkel gedurig. En in hierdie ontwikkeling is dit 'n belangrike vraag: Wie vorm ons lewe? Wie is die mense met wie ons omgaan? Aan watter mense gee ons ons tyd en aandag? By hierdie laaste vraag dink ek ook aan dit wat deur middel van die media by ons huise inkom. Ook in jou jong lewe: watter musiek en watter films vul jou lewe?

Christus sê dat ons sy getuies moet wees. Moet jou dus nie deur die kwade laat saamsleep nie, maar laat jou vorm deur die Woord van God en die omgang met God se kinders. Dit is bepalend vir ons belydenis: "Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges."

## ROND'SHOP'

B Luiten

Na afloop van die kerkdiens het die twee na my toe gekom. Twee volwasse jongmense ... belydende lidmate. Hulle het kom praat. Gelukkig het hulle tuis gevoel in die diens. Maar, het hulle gesê, eintlik was hulle van plan om na 'n ander kerkgenootskap se diens toe te gaan, maar daar het hulle voor 'n toe deur te staan gekom. Die diens daar was glo gekanselleer. Daarom dat hulle toe tog maar kerk toe gekom het.

Dit gaan deesdae al hoe meer so. Rond'shop' op 'n Sondag. Soos wat jy deur die week jou eie bakkery en groentewinkel kies en dit partykeer afwissel, so gaan jy op 'n Sondag na 'n godsdienstige samekoms van jou eie keuse. Verkieslik dan met 'n bietjie afwisseling.

Die verskynsel is nie heeltemal so nuut nie. Maar tog het dit vroeër jare meer in die geheim plaasgevind, enkele losstaande situasies en gevalle.

Nou is dit besig om op sekere plekke 'n aanvaarde verskynsel te word. Dit word nie meer

in die geheim gedoen nie. Hoekom sou jy?

### Verbruikersmentaliteit

Waar die uitdrukking - rond'shop'- vandaan kom, weet ek nie. Maar dis wel baie toepaslik. Wie 'shop', maak van die kerk 'n winkel. Jy gaan net soontoe om iets daar te kry. Jy is net 'n rukkie daar en dan gaan jy weer weg. Soms gaan dit net oor 'n enkele artikel, 'n preek miskien. Die res is beter by die mededinger. En so kan mens maar net aangaan – van die een plek na die ander.

Wie so optree, het 'n tipiese *verbruikersmentaliteit*. Die klant kraai koning, hy sal kom solank as wat die bediening (van die Woord) hom geval. Maar vir dieselfde geld soek hy dit elders. Hy voel hom blykbaar nêrens aan verbonde nie.

Ondertussen word die kerklike samesyn so fundamenteel misken. Amper soos wat jy in 'n huwelik van 'n vrou gebruik maak solank jy aangetrokke tot haar voel. Daarna begin jy

**God het geen begeerte om die hele tyd ons omstandighede te verander nie. Hy wil ons verander.**

- JS Baxter

rond'shop' van die een na die ander, solank jy maar net kry waarvoor jy lus is. Hierdie vergelyking is dalk 'n bietjie grof, maar dit is bedoel om die 'shoppers' wakker te skud en om saam 'n duidelike antwoord te kry op hierdie praktyk.

Want is die kerk nie inderdaad die *bruid* van Christus nie? En gaan dit in beide gevalle nie oor 'n totale lewensgemeenskap nie?

Wie homself in sy huwelik aan 'n verbruikersmentaliteit skuldig maak, verstaan niks van liefde en trou nie. Dit sal duidelik wees. So iemand verstaan glad nie waaroor die huwelik gaan nie.

Net so is dit ook vir hulle wat hulself as verbruiker opstel en rond'shop'. Hulle laat nie reg geskied aan die werklike erediens nie.

### Wat is 'n erediens?

Dit is om saam te kom om God te eer, Hom openlik aan te roep en te dank. Allereers gaan jy soontoe om baie te *bring*, jou aanbidding en toewyding. In die dae van die Ou Testament was die paaie vol mense teen die tyd van die groot feeste. Elkeen het sy gawes gebring, die tiendes, die eerstelinge, die vrywillige offers, ensovoorts. Voordat die dier geslag is, het die offeraar sy hande op dié se kop geplaas, o.a om te wys dat hy in die offer *homself* gee.

**Ons kom ook na die erediens om iets te *bring*.**

Wat dit betref is dit oor die algemeen belangrik dat daar onder ons meer aandag gegee word aan die motivering vir die erediens. Ook vir die voorbereiding daarvan. Daar is lande waar ('n deel van) die gemeente deur die week die liedere oefen wat Sondag gesing gaan word. Dan sal dit nie net beter klink nie, maar hulle word dan ook baie meer bewustelik as loffer gebring.

Dit is net 'n voorbeeld, maar so word tog be-



werk dat elkeen na die erediens toe kom met die bedoeling om iets te *bring*. Daardie besef is noodsaaklik. Sonder hierdie geloofshouding is daar nie sprake van *diens* in die ware sin van die woord nie.

Is daar in die tempel destyds en word daar in die kerk vandag nie ook baie ontvang nie? Ja seker, maar dit was nie op die volk se voorkeure gerig nie. Die vormgewing is ook nie oorgelaat aan die spontaniteit van die mense nie. Die manier waarop God onder sy volk aanwesig wil wees, vra eerbied en 'n aandagtige luisterhouding. Alles is so ingerig dat dit by Hom pas. Dit is verstaanbaar. Hy is die Almagtige, heilig en goed; wanneer Hy in ons lewe kom, verander ons hele bestaan. So is die bedoeling van die wet dat ons na sy beeld vernuwe moet word.

Dit is dus verseker nie 'n kwessie van persoonlike voorkeur nie. Ons gevoel mag daarby betrokke wees, en dit is ook nodig, maar nie so dat jy daarop sweef nie. Want dikwels gaan God se Woord regstreeks teen ons in of selfs dwarsdeur ons heen soos 'n swaard. Van nature pas dit nie by mense wat in hulle hart van God vervreem is nie.

Daarom kan jy nie by die kerk instap as 'n koning wat nog gou klant wil wees nie. Die enigste regte houding is die van verootmoediging en oorgawe.

**Sonde kan nie werklik as sonde gehaat word, voordat ons nie die verskrikking daarvan in die lyding van Christus gesien het, nie.**

- John Newton

# ONS GOEIE WERKE IN GOD SE TOEKOMS

AN Hendriks

Ons het elders gehandel oor die vrae: wat gebeur met die wêreld en met onself op die jongste dag, by Christus se wederkoms? Is daar sprake van kontinuïteit tussen nou en daardie dag? En as daar sulke sprake is, wat hou dit in? Onder hierdie hoof handel ons nou, in dieselfde verband, oor *ons goeie werke*. Wat gebeur daarmee in God se toekoms?

Paulus verseker ons dat ons arbeid in die Here nie tevergeefs is nie (1 Kor. 15:58), en in Openbaring 14:13 sê die Gees dat die werke van hulle wat in Christus sterwe, hulle volg. Daarin hoor ons dat wat in die geloof gedoen is, nie ten gronde gaan nie, maar blywende betekenis het. Terselfdertyd ontstaan daar vrae. Aanstonds is daar 'n regterstoel waarby 'n oordeel gaan oor ons werke (2 Kor. 5:10). Daar sal 'n "vuur" elkeen se werke op die proef stel, hoedanig dit is (1 Kor. 3:13). Sal ons goeie werke daar deurkom? En as dit deurkom, beteken dit dan iets vir ons toekomstige heerlijkheid? Wat beteken die "loon" waaroor die Nuwe Testament so dikwels praat? In hierdie artikel kry hierdie vrae aandag.

## Goeie werke

Eerstens moet ons duidelikheid kry waarom dit gaan as ons oor "goeie werke" praat. Daar spook altyd 'n misverstand dat met goeie werke iets bedoel word wat die Here op al sy liefde *van ons kant* verwag. In die suide van Nederland kom mens nog kruisbeelde teë met die onderskrif: "Dit het Jesus vir u gedoen, wat doen u vir Hom?" Dankbare gehoorsaamheid word so maklik verstaan as iets wat ons op ons beurt vir die Here moet doen. Selfs die opskrif bo Sondag 32 van die Heidelbergse Kategismus, *Die Dankbaarheid wat ons aan God vir die Verlossing Verskuldig is*, kan tot dié misverstand aanleiding gee.

Die Kategismus neem egter dadelik in antwoord



86 hierdie gedagte weg. Hy praat nie oor ons vroom prestasies nie, maar oor wat *Christus* deur sy Gees met en vir ons doen. Hy koop ons nie alleen vry van die sonde nie, maar vernuwe ons ook tot sy beeld. Deur Hom is daar vergewing, maar ook vernuwing. Christus het uit God vir ons geword tot heiligmaking (vgl. 1 Kor. 1:30). Die Heidelberger sien ons dankbaarheidslewe volledig as 'n lewe uit Christus. Hy maak ons deur sy Gees van harte gewillig om voortaan vir Hom te lewe (antw. 1); deur sy krag word ons opgewek tot 'n nuwe lewe (antw. 45); wie in Christus ingeplant is, bring vrugte van dankbaarheid voort (antw. 64).

Calvyn praat van 'n "tweevoudige genade": dié van die regverdigmaking of vergiffenis van sonde en dié van die heiligmaking of vernuwing van ons lewe. So is dit ook. Christus se volkome gehoorsaamheid word nie alleen aan ons *toegereken* nie (= reverdigmaking), maar ook in ons *uitgewerk* (= heiligmaking). Laasgenoemde is die werk van die Heilige Gees as die Gees van

**Dit is die goeie boom wat die goeie vrugte voortbring, nie die omgekeerde nie. Ons word nie gered deur ons werke nie, maar sodat ons werke sal voortbring.**

- SB Ferguson

Christus (vgl. Rom. 8:9). Hy word spesiaal in verband met ons heiligmaking genoem (2 Thess. 2:13; 1 Pet. 1:2). By die regverdigmaking is ons geheel en al passief. Ons *word* vrygespreek, sonder enige verdienste van ons kant. Maar by die heiligmaking van ons lewe is ons nie net passief nie. Kenmerkend van die werk van die Heilige Gees is naamlik dat Hy ons aktief maak en weer laat funksioneer ooreenkomstig die bedoeling van God. Mens sou kon sê: Die Heilige Gees werk om *ons* aan die werk te sit. Paulus verkondig aan ons hierdie wonderlike werk van die Heilige Gees wanneer hy skryf: "*werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae*" (Fil. 2:12-13).

Wanneer dit oor goeie werke gaan, moet ons dit alles voor oë hou. Dit is inderdaad *ons* werke. Die Heilige Gees glo nie, bekeer Hom nie, lewe nie in 'n nuwe gehoorsaamheid nie. Dit doen ons. Maar ons kan dit alles alleen doen deurdat Hy in ons werk. En so is ons goeie werke tóg, as dit daarop aankom, heeltemal die werk van die Gees. Die Kategismus noem dit dan ook tereg *vrugte* van dankbaarheid (antw. 64). Dit is die vrug wat die Gees by die kinders van God laat ryp word (Gal. 5:22). Die is die vrug wat voortkom uit die verbondenheid met die hemelse Wynstok (Joh. 15:5) wat die Gees werk en in stand hou.

**Dankbare gehoorsaamheid word so maklik verstaan as iets wat ons op ons beurt vir die Here moet doen**

Ons goeie werke het ook niks te doen met prestasies van die vroom mens, wat Paulus "die werke van die wet" noem, nie (Rom. 3:20). Eerder moet ons hierdie goeie werke verbind met die "werk van julle geloof" (1 Thess. 1:3) waarvan die apostel praat. Dit gaan oor die werk wat voortkom uit ons geloof in die evangelie, uit ons band met die Here Jesus, uit die vernuwende werk van sy Gees. Die

Heidelberger formuleer goeie werke bondig as werke wat uit 'n ware geloof (= die bron), volgens die wet van God (= die norm) tot sy eer (= die doel) gedoen word.

### Oordeel volgens werke

Wanneer dit gaan oor ons ewige behoud, is ons geneig om nie aan goeie werke te dink nie. Ons word immers enkel uit genade gered (Ef. 2:8), sonder enige verdienste van ons kant (Rom. 3:20). Tog het die gereformeerde vaders nie geskroom om oor die *heilsgoedertydigheid* van ons goeie werke te praat nie. In die bergrede sê die Here Jesus dat alleen hulle wat die wil van die Vader *doen*, die koninkryk sal ingaan. Hebreërs 12:14 verkondig aan ons dat sonder *heiligmaking* niemand die Here sal sien nie.

Die Nuwe Testament oortuig ons daarvan dat die aanstaande oordeel ten volle 'n oordeel sal wees oor ons *werke*. Paulus skryf oor die regverdige oordeel van God "*wat elkeen sal vergeld na sy werke*" (Rom. 2:6). Die apostel wys daarop dat ons almal voor die regterstoel van Christus sal verskyn, "*sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het ...*" (2 Kor. 5:10). Christus self sê: "*Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees*" (Op. 22:12). Ons goeie werke is dus van groot belang, aanstonds, op die jongste dag! Van watter belang is dit? Die antwoord is: dit is nie van belang as *grond* van ons verlossing nie, maar dit is van belang as *bewys*, as *uiting* van ons geloof. Die groot werk waar dit op sal aankom, is *die geloof* in die Here Jesus (Joh. 6:29). Alleen dié wat wat in die Seun glo, het die ewige lewe (Joh. 3:36). Maar die geloof is nie 'n geloof wat onvrugbaar bly nie. Dit is 'n geloof wat deur liefde tot die Here werksaam is (Gal. 5:6). Dit is 'n geloof wat hom in en uit werke laat sien. Daarom sê Jakobus dat 'n geloof sonder werke 'n dooie geloof is (Jak. 2:26). Wanneer die Skrif verkondig dat ons volgens ons werke geoordeel sal word, gaan dit oor die werke van die geloof. Dit is wat die Here by ons sal soek. Ons kan ook sê dat Hy die vrug van sy Gees by ons sal soek, want ons kan maar net arbei danksy die genade wat met ons is (1 Kor. 15:10). God het ons goeie

**Om steeds meer soos Christus te wees, moet ons steeds meer by Christus wees.**

- Anon



werke voorberei (Ef. 2:10), maar dan moet dit ook blyk dat ons daarin gewandel het!

## Kontinuiteit

Die Skrif leer duidelik dat die werk van die geloof nie by ons sterwe verlore gaan nie. Ons werk kom in die gerig. Paulus praat daarvoor in 1 Korinthiërs 3:10 e.v. Die dag (van Christus) sal met vuur verskyn en die vuur sal die kwaliteit van ons werke bepaal. Dan sal blyk hoe ons op die fondament, wat Jesus Christus is, gebou het. Ondeugdelike werk sal "verbrand" word. Maar die apostel praat terselfdertyd van werk wat sal "bly staan". Dit wys daarop dat daar vir getroue werk in die geloof 'n toekoms is. Dit gaan deur die oordeel en gaan nie ten gronde nie.

Ons hoor dit ook in 2 Korinthiërs 5:10: by Christus se regterstoel sal elkeen "*ontvang wat hy deur die liggaam verrig het*", hetsy goed, hetsy kwaad. Die goeie wat in die geloof gedoen is, bly staan. Ons kry dit van die Here terug (vgl. Ef. 6:8).

Die Skrif wys ook op hierdie kontinuïteit in die belofte: "*hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maa*" (Gal. 6:8). Blykens die konteks gaan dit hier kennelik oor goeie werke (vs. 10!), oor 'n lewe wat deur die Gees beheers word en so werksaam word. So'n lewe lewer vrugte op wat ewigheidswaarde het.

Die kontinuïteit van die werke van die geloof kom ook sterk na vore in Openbaring 14:13: "*salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.*" Die Gees open hier 'n troosvolle vooruitsig. Die kinders van God sal nie net rus van alles wat hulle om Christus wil verduur het nie, maar hulle mag ook weet dat hulle geloofswerk op aarde nie agterbly nie. Dit volg met hulle en bly van betekenis oor die dood heen.

Ons geloofswerk hou nie stand kragtens ons getrouheid of inspanning nie. Dit gaan hier ook oor Geestelike kontinuïteit: Wat Paulus sê is dat ons *uit die Gees* sal oes. Ons geloofswerke hou stand omdat hulle "in God" gedoen is (vgl. Joh.

3:21).

## Loon vir werk

Hoeveel sprake daar van kontinuïteit ten opsigte van ons goeie werke is, blyk baie duidelik uit wat die Nuwe Testament aan ons verkondig oor *loon* en *vergelding*. Daar steek waarheid in die klag van A. Kuiper: gereformeerdes - in hulle verset teen Rome - lees daarvoor heen en wil liefs nie daarop gewys word nie. Tog spreek die Skrif op heelwat plekke daarvoor. J.L. de Villiers stel dit selfs so: "Die loongedagte is 'n integrale deel van die evangelie, want God beloof daarin loon."

**Die vooruitsig op vergelding en loon waarvan die Nuwe Testament getuig, wil ons motiveer tot getrouheid en lewensheiliging**

Die Here Jesus sê: "*Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg ... Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele*" (Matt. 5:11-12); "*... julle moet jul vyande liefhê en goed doen ... en julle loon sal groot wees ...*" (Luk. 6:35). Paulus skryf dat as iemand se werk bly staan, hy loon sal ontvang (1 Kor. 3:14). Die komende Christus sê dat dat sy loon by Hom is om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees (Openb. 22:12). Van Moses staan geskrywe dat hy uitgesien het na die beloning (Heb. 11:26). Die Kolossense mog weet dat hulle die erfenis as vergelding sal ontvang (Kol. 3:24). Dat daar ooreenstemming is tussen ons geloofswerk op aarde en ons aanstaande loon blyk uit die spreke oor vergelding *na die mate* van ons werk en oor die *terugontvang* van die goeie wat ons gedoen het. Die betekenis van ons geloofswerk vir die heerlijkheid wat ons deel sal wees, is onmiskenbaar.

Waarom praat die Skrif van loon en vergelding? Dit is nié om ons te laat dink dat ons iets vir die hiernamaals kan verdien nie. Ons erf die koninkryk nie op grond van wat ons gedoen het

**Heiligheid is nie 'n verdienste waardeur ons gemeenskap met God ontvang nie, maar dit is 'n gawe van Christus, waardeur ons aan Hom kan vashou en Hom volg**

- J Calvyn

nie. Maar dit doen nie daaraan af nie dat die vooruitsig op vergelding waarvan die Nuwe Testament getuig, ons wil motiveer tot getrouheid en lewensheiliging.

W.H. Velema wys hierdie gedagte nogal kras af: "Die loonmotief as ekstra motief sou die hele verhouding tot God verwing." Ons is goeie werke verskuldig. As ons daarin getrou is, het ons net maar gedoen wat ons verplig was om te doen (Luk. 17:10). H. Bavinck is meer genuanseerd en noem, myns insiens tereg, die loon een van die dringende redes waarmee die gelowige tot 'n lewe van heiligmaking vermaan word.

Ek wys op 1 Timoteus 4: 7-8: " ... oefen jou in die godsaligheid. Want ... die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het."; op Matteus 5: 11-12: verbly julle by vervolging "omdat julle loon groot is in die hemele" en op Openbaring 3: 21: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon ... "



In die algemeen kan ons sê dat die Skrif oor loon en vergelding spreek om ons te *bemoedig* (2 Thess. 1:5; Openb. 2:10) en om ons *aan te spoor* (Kol. 3:24; Openb. 2:17). Wat die eerste betref skryf Calvyn dat deur die belofte van loon, steun gegee word aan ons swakheid wat andersins dadelik in duie sou stort en ineen sou tuimel as dié verwagting dit nie onderskraag nie. (*Institusie*, III, 18, 4). Ten opsigte van aansporing sê hy: "Om ons traagheid op te skerp het God ons verseker dat die inspanning wat ons ter ere van sy Naam onderneem het, nie tevergeefs sal wees nie" (*Institusie*, III, 18, 7).

## Verskil in loon?

Ons het reeds gehoor dat daar aanstonds loon is *na die mate van die werk*. Christus sal elkeen

"*vergeld soos sy werk sal wees*" (Openb. 22:12). So kom die vraag na vore: sal daar verskil in loon wees? Is daar vergelding wat nie vir elke kind van God dieselfde inhou nie?

Verskeie teoloë is dié mening toegedaan. G.C. Berkouwer handel met "variasie en gradasie" wat daar in die ryk van die heerlijkheid sal wees, wat saamhang met die loon wat ontvang sal word. W.H. Velema meen dat daar onderskeid in heerlijkheid is en dat daar dan sprake is van "besondere begenadiging" waarmee God sy eie werk bekroon. H. Bavinck skryf dat ofskoon die saligheid aan alle gelowiges geskenk word, daar onder hulle onderskeid in heerlijkheid sal wees, na gelang van hulle werke. K. Schilder sê dat daar by die groot avondmaal verskeidenheid in eenheid sal wees. Hulle wat 'n besondere lydensweg bewandel het, ontvang besondere heerlijkheid. Die kwalifikasie van elkeen se heerlijkheid hang af van 'n suiwer antwoord op die vraag: wat iemand beteken het vir God, vir die heilsweg, vir die diens van God.

Die loon wat aanstonds ontvang sal word, word deur die Nuwe Testament met verskillende terme aangedui. Dit is, onder meer, *die koninkryk* (Matt. 25:34; 2 Tess. 1:5), *die ewige lewe* (Matt. 19:29; Gal.6:8), *die erfenis* (Kol. 3:24),  *vertroosting* (Matt. 5:4), *versadiging* (Matt. 5:6), *om God te sien* (Matt. 5:8). Dit alles wys tog daarop dat die aanstaande loon vir al God se kinders *dieselfde* is. Dit word onderstreep deur die afloop van die gelykenis in Matteus 20:1-16. Die werkers van die elfde uur kry dieselfde as die werkers van die eerste uur. Die goedheid van die huisheer sorg vir *gelyke* beloning, ook al het die werkers van die eerste uur baie meer werk verrig.

Dit is ook opmerklik dat Jakobus vir elkeen wat volhard, die kroon van die lewe in die vooruitsig stel (Jak. 1:12) en dat Paulus wys op die kroon

**As geloof en bekering werklike voorwaardes was wat ekself moes nakom vir my verlossing, dan kan ek dit net so min volbring as wat ek die sterre kan aanraak.**

- John Newton

van die geregtigheid wat die Here hom sal gee, "maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het" (2 Tim. 4:8).

Die loon behoort vir elke kind van God dieselfde te wees, want hoe sou daar *by* die koninkryk, die ewige lewe en die erfenis nog iets ekstra kan wees? Daarby is tog alles inbeslote wat die Here vir sy kinders voorberei het?

Ek deel die standpunt van J. van Genderen dat daar nie sprake is van *gradasie* nie, maar wel van *variasie*. Ek wil hier herinner aan die variasie wat God se skepping kenmerk. Hy gee aan elke mens 'n eie persoonlikheid. Daar is variasie tussen mense.

Die eie persoon gaan nie verlore in die vernuwende werk van die Gees nie.

Die Heilige Gees vernietig nie die self nie, maar herstel en heilig dit. Die gelowige kan weet: ook in die heerlijkheid sal ek *ek* wees en niemand anders nie! Op die nuwe aarde sal die variasie bly. Abraham is Abraham en Luther sal Luther wees, sy dit dan ook geheel vernuwe.

Dit lyk vir my aanneemlik dat in hierdie variasie die werk van die geloof betekenis sal hê. Ons werke volg ons immers (Openb. 14:13). Daar is "regverdige daade" waarmee God se kinders bekleed sal wees (Openb. 19:8). Openbaring 2:17 wys ook op op die variasie: die nuwe naam "... wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang". Die oorwinnaars kry 'n naam wat eie is en hoort by die eie persoon en geskiedenis.

Ons sal as gelowiges almal in die volmaaktheid deel, maar nie almal *op dieselfde manier* nie. Moontlik vind ons so'n aanduiding in die gelykenis van die ponde (Luk. 19:16-19). Die eerste en tweede slaaf word albei gesaghebbers, kry dieselfde hoë rang, maar die *taak* wat hulle as beloning ontvang hou rekening met hulle persoonlike vermoëns.

Ek noem in dié verband ook 1 Korinthiërs 12:4-6: daar is 'n *verskeidenheid* in bedieninge, wat Paulus herlei tot God (die Skepper!), "wat alles in almal werk". As die Heilige Gees nou reeds

die skeppingswerk van God eer in die verskeidenheid van dienste waartoe Hy mense in die gemeente bekwaam maak, lê die konklusie voor die hand dat daar aanstonds nie 'n verskil in loon nie, maar wel variasie sal wees in die manier waarop God se kinders Hom vir altyd priesterlik sal dien (Openb. 22:3).

## Genadeloon

Ons moet hierby ook nog iets sê oor die wese van die loon wat op ons wag. Dit het aktueel geword toe die boek *Deadline* van Randy Alcorn in Christelike kring 'n topverkoper geword het. P. Niemeijer verskaf aan ons inligting oor die teologiese agtergrond van Alcorn se roman oor die hemellewe. Vir Alcorn is ons *behoud* 'n genadige geskenk van God wat ons deur middel van die geloof ontvang. Maar as dit *by loon* kom, is ons werke aan die orde. Die loon *verdien* ons, dit word vasgestel aan die hand van wat ons op aarde gedoen het. Uiteindelik kry jy die plek in God se toekoms wat ooreenstem met wat jy hier en nou belê het in hemelse skatte. Alcorn noem selfs die daade wat een maal besonder beloon sal word.

**Die gelowige kan weet: ook in die heerlijkheid sal ek ek wees en niemand anders nie**

Wat Alcorn sê moet kragtig teëgespreek word. Paulus noem die loon van die ewige lewe 'n genadegawe (Rom. 6:23). Die gelykenis van die arbeiders in die wingerd (Matt. 20: 1-16) weerspreek enige gedagte aan 'n loon wat verdien word. As ons getrou is, doen ons net wat ons verplig is om te doen en is ons steeds "*onverdienselike diensknegte*" (Luk. 17:10). Die loon word dan ook 'n "*erfenis*" genoem (Matt. 225:34; Kol. 3:24), en tiperend van 'n erfenis is juis dat mens dit nie deur daade kan verwerf nie.

Hierby kom wat die Heidelbergse Kategismus sê: "*selfs ons beste werke (is) almal onvolmaak en met sondes besmet*" (antw. 62). Selfs ons

**Die voorspoed van die staat is afhanklik van die seën van die Here.**

- Onbekend

grootste getrouheid voldoen nie aan God se standaard nie (Rom. 7:21). As dit op "verdien" aankom, verdien ons werk vanweë die blywende terkortkominge selfs *straf*, soos ons bely in artikel 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

**Ons sal as gelowiges almal in die volmaaktheid deel, maar nie almal op dieselfde manier nie**

Die loon wat ons ontvang, het ons te danke aan God se *vergewende barmhartigheid*. Calvyn skryf: "Hoe sou Hy ons goeie werke geregtigheid kon toereken tensy Hy al die ongeregtigheid wat daarin is, met sy genade verberg het? Hoe sou Hy dit loonwaardig kon ag tensy Hy alles wat daarin strafwaardig is, met sy eindelose goedertierenheid uitgewis het?" (*Institusie*, III, 18, 5). Ons goeie werke kan die Here net behaag "deur loutere vergewing".

Die gedagte dat ons met besondere dade 'n bepaalde plek in die heerlijkheid kan verdien, misken ten slotte dat dit nie ons prestasies is nie, maar die vrug van Christus se Gees in ons lewe. Wat daar by ons goed is, is aan ons *gegee* (Fil. 4:13; Openb. 19:8). Wanneer die Here ons goeie werke beloon, bekroon Hy daarmee sy *eie* gawes (NGB art. 24).

Hierdie beloning uit genade is nie net 'n saak van die toekoms nie. Die Skrif praat ook oor loon in hierdie lewe (Matt. 19:29; 2 Kor. 1:5; Ef. 6:2). Terselfdertyd kan ons (tot ons troos) daaraan vashou dat die groot vergelding nog kom. Die Here is nie onregverdig dat Hy ons werk sou vergeet nie (Heb. 6:10). Wat getrou uit liefde tot Hom gedoen word, gaan nie te gronde en word nie vergeet nie! Dit kom ter sprake wanneer ons aardse lewe by Christus se regterstoel onthul word (2 Kor. 5:10). Dan sal dit ten volle waar word dat ons wat ons op die akker van die Gees gesaai het, sal maai (vgl. Gal. 6:8). Daardie vooruitsig mag ons aanspoor sodat ons "*in elke goeie werk vrug mag dra*" (Kol. 1:10).

'n Druppel van God se liefde is meer werd as alle ander liefde saam.

- Onbekend